BELEGGINGSOORSIG

As ‘n verantwoordelike rentmeester streef Remgro daarna om **volhoubare waarde** vir **belanghebbendes** te skep deur in ‘n portefeulje van besighede te belê wat **voortreflike verdienste, dividend- en kapitaalgroei** oor die lang termyn kan verseker, terwyl tot meetbare en positiewe maatskaplike en omgewingsimpak bygedra word.



BELÊ in sektore
met 'n stewige vertoningsrekord

Gesondheidsorg
- Mediclinic International

Verbruikersprodukte
- Distell
- RCL Foods
- Sqalo Foods

Finansiële dienste
- RMI
- Business Partners

Infrastruktuur
- Community Investment Ventures Holdings
- Grindrod
- Seacom
- Energy Exchange of Southern Africa

Nywerheid
- Air Products
- TotalEnergies
- Wispeco Aluminium
- PGSI Limited

Gediversifiseerde beleggingsvoertuie
- kth
- Prescient
- Milestone Capital 麦顿投资
- invenfin
- Pembani • Remgro Infrastructure Fund
- Asia Partners

Media
- e

Portefeuljebeleggings
- FirstRand
- Discovery
- momentum Metropolitan
- BAT

Maatskaplike impakbeleggings
- Stellenbosch Academy of Sport
- Stellenbosch Football Club

Gesondheidsorg

Bydrae tot wesensverdienste	30 Junie 2022 R miljoen	30 Junie 2021 R miljoen
Mediclinic	**1 267**	674

MEDICLINIC INTERNATIONAL

Effektiewe belang **44.6%**

Profiel:

Mediclinic verskaf omvattende, hoëgehalte hospitaaldienste op 'n kostedoeltreffende grondslag in Suider-Afrika, die Verenigde Arabiese Emirate, Switserland en die Verenigde Koninkryk.

KORPORATIEWE INLIGTING

Markkapitalisasie op 30 Junie 2022 £3 375 miljoen

Primêre notering: Londense aandelebeurs

Sekondêre notering: JSE Beperk

Hoofuitvoerende beampte R van der Merwe

Remgro genomineerde direkteure
J J Durand, P J Uys (alternatief)

Webwerf www.mediclinic.com

FINANSIËLE HOOGTEPUNTE	Jaar geëindig 31 Maart 2022 £ miljoen	%
Omset	**3 233**	**7.9**
Bedryfswins	**280**	**34.0**
Aangepaste verdienste	**167**	**65.3**

VOLHOUBAARHEIDSMAATSTAWWE

KMB/Opleidingspandering R160 miljoen

Aantal werknemers 34 278

BBSEB-status Vlak 4

Omgewingsaspek
Vlak 1- en 2-uitlatings van 211 969 ton CO_2e

Mediclinic International plc (Mediclinic)

Mediclinic het 'n Maart-jaareinde en die resultate vir die 12 maande tot 31 Maart 2022 is in Remgro se resultate vir die jaar onder oorsig geëkwiteer. Mediclinic se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het R1 267 miljoen (2021: R674 miljoen) bedra.

Mediclinic gebruik aangepaste inkomstestaat-rapportering as nie-IFRS-maatstaf om prestasie te beoordeel en as 'n metode om duidelike en konsekwente rapportering te verskaf.

Vergeleke met die vorige jaar het die groep 'n sterk finansiële vertoning gelewer, hoofsaaklik danksy verhoogde pasiëntbedrywighede. Vergeleke met voorpandemie-vlakke het volumes in Switserland en die Midde-Ooste toegeneem, terwyl Suider-Afrika geleidelik herstel het na die hewiger impak van die pandemie. Die verbetering in die huidige finansiële jaar het geskied ondanks die ontwrigting van verdere Covid-19-vlae, met die Omikron-vlaag wat, uit 'n personeel- en pasiënt-skeduleringsoogpunt, 'n aansienlike uitdaging gebied het weens die hoë oordraagbaarheid daarvan, asook die regulering van self-isolasie.

Die groep se omset was 8.0% hoër op £3 233 miljoen (2021: £2 995 miljoen) danksy 'n herstel in pasiëntbedrywighede en minder beperkings op gekose en nie-dringende behandelings. Vergeleke met die voorpandemie-finansiële jaar geëindig 31 Maart 2020 het groepinkomste 5% verbeter (2020: £3 083 miljoen). Vergeleke met die vorige jaar, en die voor-pandemie-Maart 2020-finansiële jaar, het inkomste in al drie afdelings toegeneem.

Aangepaste EBITDA was 22% hoër op £522 miljoen (2021: £426 miljoen). Inkrementele Covid-19-verwante uitgawes regdeur die groep het £27 miljoen (2021: £32 miljoen), bedra, wat 'n weerspieëling is van die voortgesette behandeling van Covid-19-binnepasiënte gedurende die verskillende vlae van die pandemie. Die groep se aangepaste EBITDA-marge het wesentlik tot 16.1% (2021: 14.2%) toegeneem, gedryf deur die inkomstevertoning.

Vergeleke met die voorpandemie-jaareinde (Maart 2020) was aangepaste EBITDA 3% laer. Die aangepaste EBITDA-marge nader nou voorpandemie-vlakke (2020: 17.5%), terwyl dit steeds toenames weerspieël in werknemerkoste, asook verbruiks- en verskaffingskoste, gedryf deur Covid-19-verwante uitgawes en insetkoste wat verband hou met hoër akute inkomste. Die impak hiervan sal na verwagting mettertyd verminder.

'n Stewige vertoning in Switserland tot beter as voorpandemie-vlakke is deur die herstel van pasiëntbedrywighede ondersteun. Omset vir die tydperk het met 6% tot CHF1 885 miljoen (2021: CHF1 784 miljoen; 2020: CHF1 804 miljoen) verbeter en voorpandemie-vlakke met 4% oorskry. Dit was danksy 'n goeie herstel in binne-pasiëntbedrywighede, wat 2.1% beter as die vorige jaar en 2.0% hoër as die voorpandemie-jaar, Maart 2020 was. Die gemiddelde tyd van verblyf het met 0.4% toegeneem, wat saam met die toename in binne-pasiëntbedrywighede, 'n besettingskoers van 62.6% (2021: 61.1%) gelewer het.

Ondanks die aansienlike eise en ontwrigting wat deur die pandemie veroorsaak is, het die Suider-Afrikaanse afdeling, vergeleke met die vorige jaar, 'n uitsonderlike vertoning gelewer. Die afdeling het voortgegaan om aan te pas en sy weg te vind deur verskeie pandemie-vlae terwyl 18% meer nie-Covid-19-toelatings behandel is vergeleke met die vorige jaar. Omset het met 18% tot R18 416 miljoen (2021: R15 573 miljoen; 2020: R17 031 miljoen), toegeneem, wat die herstel in pasiëntbedrywighede weerspieël. Omset was 8% hoër as voorpandemie-vlakke. Vergeleke met die vorige jaar het betaalde pasiëntdae (BPD) met 14% toegeneem, wat slegs marginaal laer (3%) is as voorpandemie-vlakke. Besetting het met die groei in BPD verbeter tot 'n gemiddeld van 64.3% (2021: 56.3%) en nader nou voorpandemie-vlakke (2020: 67.9%). Verblydend is dat besettingsvlakke in Februarie en Maart 2022 tot 69% toegeneem het, die beste vlakke sedert die begin van die pandemie.

In die Midde-Ooste het die groep 'n stewige vertoning gelewer danksy volumegroei in binne- en buitepasiënte. Volumes het nuwe hoogtepunte bereik, wat voorpandemie-vlakke oorskry het, ondersteun deur investering in die afgelope jare om geriewe en diens in die streek uit te brei en te verbeter. Omset vir die tydperk het met 9% tot AED4 111 miljoen (2021: AED3 760 miljoen; 2020: AED3 445 miljoen) toegeneem, wat 'n aanduiding is dat na voorpandemie-akuïteitsvlakke en inkomstemengsel beweeg word.



Verbruikersprodukte

Bydrae tot wesensverdienste	30 Junie 2022 R miljoen	30 Junie 2021 R miljoen
Distell – entiteitsbydrae	**735**	538
– IFRS 3 uitgawe	**(11)**	(47)
RCL Foods	**846**	759
Siqalo Foods – entiteitsbydrae	**401**	405
– IFRS 3 uitgawe	**(65)**	(79)
	1 906	1 576

DISTELL
CRAFTING BRANDS SINCE 1925

Effektiewe belang **31.7%**

Profiel:

Distell produseer en bemark gehaltewyne, spiritualieë en gegeurde alkoholiese drank in Suid-Afrika en internasionaal.

KORPORATIEWE INLIGTING

Markkapitalisasie op 30 Junie 2022 R37 715 miljoen

Genoteer op die JSE Beperk

Hoofuitvoerende beampte R M Rushton

Remgro genomineerde direkteure
J J Durand, P R Louw (alternatief)

Webwerf www.distell.co.za

FINANSIËLE HOOGTEPUNTE	Jaar geëindig 30 Junie 2022 R miljoen	%
Omset	**34 134**	**20.8**
Bedryfswins	**3 419**	**20.3**
Wesensverdienste	**2 315**	**36.8**

VOLHOUBAARHEIDSMAATSTAWWE

KMB/Opleidingspandering R81 miljoen

Aantal werknemers 4 607

BBSEB-status Vlak 3

Omgewingsaspek
Vlak 1- en 2-uitlatings van 168 820 ton CO_2e

Distell Group Holdings Beperk (Distell)

Distell se bydrae tot Remgro se wesensverdienste vir die jaar onder oorsig het R735 miljoen (2021: R538 miljoen) bedra. Met 'n bykomende *IFRS 3*-koste wat op Remgro-vlak verantwoord is, het Distell R724 miljoen (2021: R491 miljoen) bygedra.

Distell se gerapporteerde wesensverdienste vir die jaar geëindig 30 Junie 2022 het met 36.8% tot R2 315 miljoen (2021: R1 692 miljoen) toegeneem. Distell se omset het met 20.8% tot R34.1 miljard toegeneem op volumes wat 17.6% hoër was. Omset, uitgesluit aksynsbelasting, het met 18.3% toegeneem.

Plaaslike omset het met 24.4% en volumes met 18.7% toegeneem. Dit was in 'n tydperk met 47 meer handelsdae vergeleke met dieselfde tydperk die vorige jaar. Al drie kategorieë het met dubbelsyfers gegroei. Die groeimomentum in die premiesider- en gereed-om-te-drink-segment het voortgeduur, met Savanna, Hunter's en Bernini aan die voorpunt. Verskeie spiritualieë-handelsmerke het indrukwekkend gegroei, met uitstaande vertonings deur sleutelhandelsmerke in die jenewer-, vodka-, likeur- en whisky-kategorie. Die veerkragtige groei in die wynkategorie is deur Drostdy-Hof, J.C. Le Roux-vonkelwyn en 4th Street gedryf.

In Afrika-markte, buiten Suid-Afrika, het omset met 14.4% gegroei op volumes wat 16.3% hoër was. Volumes in Botswana, Lesotho, Namibië en Eswatini (BLNE-lande) het in die tweede ses maande herstel en met 11.9% in die finansiële jaar gegroei, vergeleke met 'n afname in volume van 1.4% in die eerste helfte van die jaar. Buite die BLNE-lande het omset met 16% toegeneem, danksy Mosambiek, Zambië, Tanzanië en Nigerië se vertonings. Die Afrika-streek het in die huidige tydperk 64.9% tot buitelandse omset en 16.3% tot groepomset bygedra.

Omset in internasionale markte buite Afrika het met 7.9%, saam met volumegroei van 9.4%, toegeneem, danksy die vertoning van enkelmout en Amarula. Hierdie groei is behaal ondanks die feit dat een van die grootste omsetbydraende streke, Taiwan, Covid-19-verwante verbruikskanaalsluitings vir verlengde periodes gedurende die handelstydperk ervaar het.

Volumes het egter herstel en handhaaf 'n positiewe trajek. Suid-Afrikaanse hawe-ontwrigtings het ook 'n nadelige uitwerking op wynuitvoere gehad. Die globale kleinhandelsreissektor het 'n goeie vertoning gelewer ondanks reisontwrigtings wat steeds voorgekom het.

Effektiewe belang **80.3%**

Profiel:

RCL Foods is 'n houermaatskappy, met gediversifiseerde belange, wat op drie kategorieë fokus: voedsel (kruideniersware, bak en suiker), Rainbow (hoender, insluitend Epol dierevoedsel) en Vector Logistics.

KORPORATIEWE INLIGTING

Markkapitalisasie op 30 Junie 2022 R9 162 miljoen

Genoteer op die JSE Beperk

Hoofuitvoerende beampte P D Cruickshank

Remgro genomineerde direkteure
J J Durand, P R Louw, H J Carse, P J Neethling (alternatief)

Webwerf www.rclfoods.com

FINANSIËLE HOOGTEPUNTE	Jaar geëindig 30 Junie 2022 R miljoen	%
Omset	**34 907**	**10.2**
Bedryfswins	**1 606**	**8.7**
Wesensverdienste	**1 054**	**10.0**

VOLHOUBAARHEIDSMAATSTAWWE

KMB/Opleidingspandering R64 miljoen

Aantal werknemers 20 793

BBSEB-status Vlak 4

Omgewingsaspek
Vlak 1- en 2-uitlatings van 1 045 842 ton CO_2e

RCL Foods Beperk (RCL Foods)

In die jaar geëindig 30 Junie 2022 het RCL Foods se wesensverdienste met 10.0% tot R1 054 miljoen (2021: R958 miljoen) toegeneem. Remgro se gedeelte hiervan het R846 miljoen (2021: R759 miljoen) vir die jaar onder oorsig bedra.

RCL Foods se omset vir die jaar geëindig 30 Junie 2022 het met 10.2% tot R34.9 miljard (2021: R31.7 miljard) toegeneem. Alle sake-eenhede het tot die verbetering bygedra, met die grootste bydrae deur Vector Logistics en Rainbow.

Die EBITDA van RCL Foods se waardetoegevoegde besigheid (kruideniersware, bak en suiker) het sedert die vorige jaar afgeneem weens die talle uitdagings wat die besigheid in die huidige finansiële jaar moes trotseer. Die insluiting van 'n bykomende handelsweek in die vorige jaar het ook tot die afname bygedra. Suiker het sy tweede grootste wins ooit gerapporteer, terwyl die kruideniersbedryfseenheid weereens 'n stewige vertoning gelewer het, veral danksy die troeteldierkos-afdeling. Omsetgroei is ondersteun deur stewige volumes en verantwoordelike prysstygings, wat grootliks daarin geslaag het om hoër insetkoste te verhaal. Die portefeulje, wat in dieselfde kategorie beide premie- en waardehandelsmerke verskaf, het noodsaaklik geblyk in die handhawing van verkoopsvolumes in moeilike tye wanneer verbruikers neig om af te skaal.

Die kruidenierseenheid se onderliggende EBITDA het met 1.9% tot R551.7 miljoen (2021: R562.4 miljoen) afgeneem, met die stewige kruideniersresultate wat teengewerk is deur diensvlakuitdagings en margedruk by pasteie en drinkgoed.

Terwyl die bakbesigheidseenheid omsetgroei getoon het, het marges in die tweede helfte van die jaar onder druk gekom weens die stygings in koring- en brandstofkoste.

Suiker het nog 'n uitstekende EBITDA-vertoning gelewer. Plaaslike vraag het bestendig gebly, met die suikerbedryf wat prysinflasie tot verbruikersprysindeks (VPI)-vlakke beperk het in ooreenstemming met die suikerbedryf se meestersplan. Die swaar reën en vloede in dele van KwaZulu-Natal het 'n positiewe gevolg vir RCL se suikerbesigheid gehad namate mededingers met kristalbeskikbaarheid gesukkel en ander bedryfskwessies ervaar het.

Verbruikersprodukte (vervolg)

RCL Foods (vervolg)

Goeie vordering is met Rainbow (Rainbow en graangebaseerde dierevoer) se omkeerstrategie gemaak. Onderliggende EBITDA het met 214.0% tot R348.6 miljoen (2021: R111.0 miljoen) toegeneem, gedryf deur verbeterings in prysbepalings, landbouresultate en verkrygingswinste, wat deels toenames in kommoditeitskoste teengewerk het.

Vector Logistics het sy omkeer voortgesit, met 'n verblydende verbetering in omset en EBITDA in die huidige finansiële jaar, danksy die voltooiing van die ICL-netwerkintegrasie en 'n herstel in die voedseldiensbedryf, met volumes wat byna tot voor-Covid-19-vlakke teruggekeer het. Hierdie vertoning is gelewer ondanks die impak van die burgerlike onrus in die eerste kwartaal in KwaZulu-Natal en Gauteng, wat Vector direk deur winkelsluitings en 'n verlies aan inkomste, asook die plundering van die Cornubia-depot in KwaZulu-Natal, geraak het; die vloede in KwaZulu-Natal in die vierde kwartaal; buitelandse valuta-impakte in Zambië en hoër brandstofkoste.

SIQALO FOODS

Effektiewe belang **100%**

Profiel:

Siqalo Foods vervaardig smere wat onder toonaangewende handelsmerke verkoop word.

KORPORATIEWE INLIGTING

Ekwiteitswaardasie op 30 Junie 2022 R6 345 miljoen

Ongenoteer

Besturende direkteur A Mahoney

Remgro genomineerde direkteure
J J du Toit, L Zingitwa

Webwerf www.siqalofoods.com

FINANSIËLE HOOGTEPUNTE	Jaar geëindig 30 Junie 2022 R miljoen	%
Omset	**3 546**	**14.8**
Bedryfswins	**476**	**(4.4)**
Wesensverdienste	**401**	**(1.0)**

VOLHOUBAARHEIDSMAATSTAWWE

KMB/Opleidingspandering R8.2 miljoen

Aantal werknemers 274

BBSEB-status Vlak 3

Omgewingsaspek
Vlak 1- en 2-uitlatings van 41 280 ton CO_2e

Siqalo Foods Eiendoms Beperk (Siqalo Foods)

Siqalo Foods vervaardig smere wat verkoop word onder markleier-handelsmerke soos Rama, Flora, Stork en Rondo binne die Suider-Afrikaanse doeane-uniegebied.

Die wesensverdienstebydrae deur Siqalo Foods het R401 miljoen (2021: R405 miljoen), bedra, met uitsluiting van 'n bykomende *IFRS 3*-amortisasie van R65 miljoen (2021: R79 miljoen). Tydens 'n uitdagende en stormagtige jaar, gekenmerk deur 'n skerp toename in kommoditeitspryse, verskaffingskettingprobleme en die oorlog in Oekraïne (wat gelei het tot twee prysstygings gedurende die jaar), het Siqalo Foods daarin geslaag om volumegroei in ooreenstemming met die vorige jaar te lewer. Winsgewendheid is negatief beïnvloed deur hoë kommoditeitspryse, wat nie na die verbruiker afgewentel kon word nie en tot 'n afname van 5.5% in bedryfsEBITDA gelei het. Terwyl sy winsgewendheid negatief geraak is, kon die besigheid voordeel trek uit sy voorste handelsmerke en resultate behaal wat hom voor in sy kategorie geplaas het. Op 30 Junie 2022 het Siqalo Foods 'n gekombineerde 12-maande bewegende gemiddelde markaandeel van 71.8% gehad. Ondanks trae ekonomiese toestande en negatiewe wêreldekonomiese vooruitsigte bly Siqalo Foods daartoe verbind om sy markaandeel te behou, handelsmerke uit te bou en winsmarges te herstel.

Twee kontrakte is met RCL Foods gesluit. Vector Logistics hanteer die verspreiding, bemarking en verkope, terwyl 'n bestuursdienstekontrak sekere dienste reguleer wat die RCL Foods Shared Services-platform op 'n armlengtebasis aan Siqalo Foods lewer. Die resultaat is 'n innoverende, alternatiewe sakemodel wat die vermoë in die breër Remgro-groep benut.

Finansiële dienste

Bydrae tot wesensverdienste	30 Junie 2022 R miljoen	30 Junie 2021 R miljoen
RMI	**796**	898
Business Partners	**70**	23
	866	921



RMI OPTIMISE DIVERSIFY MODERNISE

Effektiewe belang **30.6%**

Profiel:

RMI het vroeër belange bekom in opkomende en gevestigde finansiëledienstebesighede, wat langtermynvennote geword het, en aan wie se bestuurspanne die individualiteit gebied is om hul besighede soos eienaars te bedryf. Oor die laaste twee jaar het RMI die moontlikheid ondersoek om 'n portefeulje ongenoteerde, nie-mededingende en samewerkende besighede in die korttermynversekeringsbedryf te vestig. Aangesien daar geen aktiewe beleggingsgeleenthede was wat aan RMI se verwagtinge voldoen het in terme van bategehalte, prys en beskikbaarheid nie, sal die maatskappy voortgaan met 'n ordelike en bestuurde oorgang na 'n struktuur wat die effektiewe notering van OUTsurance kan verteenwoordig.

KORPORATIEWE INLIGTING

Markkapitalisasie op 30 Junie 2022 R42 646 miljoen

Genoteer op die JSE Beperk

Hoofuitvoerende beampte H L Bosman

Remgro genomineerde direkteure
J J Durand, F Knoetze (alternatief)

Webwerf www.rmih.co.za

FINANSIËLE HOOGTEPUNTE	Jaar geëindig 30 Junie 2022 R miljoen	%
Inkomste	**21 429**	**12.7**
Wesensverdienste	**2 591**	**(11.5)**
Genormaliseerde wesens-verdienste	**2 947**	**(16.9)**

VOLHOUBAARHEIDSMAATSTAWWE

RMI is 'n beleggingshouermaatskappy. Vir meer besonderhede oor sy beduidende onderliggende belegging, verwys na die webwerf van OUTsurance:

www.outsurance.co.za

Rand Merchant Investment Holdings Beperk (RMI)

RMI se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het met 11.4% tot R796 miljoen (2021: R898 miljoen) afgeneem.

Die onderliggende beleggings van RMI bestaan uit OUTsurance (89.0%), RMI Investment Managers (100%) en AlphaCode (100%). Discovery en Momentum Metropolitan is op 8 Desember 2021 ontbondel. Hastings is op dieselfde datum verkoop. Al drie hierdie beleggings is vanaf 8 Desember 2021 as beëindigde bedrywighede gehanteer.

RMI beskou genormaliseerde verdienste as die beste maatstaf om sakeprestasie te beoordeel, aangesien dit die impak van nie-herhalende items en rekenkundige afwykings uitskakel.

Genormaliseerde verdienste van OUTsurance, uitgesluit die belang in Hastings, het met 11% tot R2 039 miljoen afgeneem in die jaar geëindig 30 Junie 2022.

Genormaliseerde verdienste van OUTsurance se Suid-Afrikaanse bedrywighede is negatief beïnvloed deur 'n verhoogde eiseverhouding weens natter weersomstandighede, 'n toename in die koste van nie-motoreise, die verdere normalisering van die frekwensie van motoreise en eise wat verband gehou het met die omvangryke vloedskade in KwaZulu-Natal.

By Youi het die eiseverhouding aansienlik toegeneem weens die omvang van natuurrampe wat ervaar is, insluitende die aardbewing in Melbourne, asook verskeie hael- en vloedtoestande. Hoewel die eise wat verband hou met die vloede wat in die tweede helfte van die finansiële jaar ervaar is grootliks deur herversekeraars gedek is, het elke afsonderlike gebeure 'n behoue verlies van AUS$2 miljoen tot gevolg gehad.

Finansiële dienste (vervolg)

RMI (vervolg)

Die bedryfsverlies van nuwe ondernemings het van R485 miljoen in 2021 tot R631 miljoen in 2022 toegeneem.

Die bedryfsverlies met betrekking tot nuwe ondernemings verteenwoordig 19% (2021: 13%) van die bedryfswins wat deur winsgewende segmente gegenereer is. Die groep se teiken met verloop van tyd vir hierdie maatstaf is 10%.

Genormaliseerde verdienste wat die vorige jaar deur RMI Investment Managers behaal is, het 'n aansienlike bedrag prestasiefooie ingesluit wat verdien is. Hoewel die beleggingsprestasie en groei in bates onder bestuur in die jaar onder oorsig belowend was, is dieselfde vlak van prestasiefooie nie herhaal nie. RMI Investment Managers verkeer in die konsolidasiefase van die ontwikkeling van sy besigheidsmodel en daarom was sy pogings daarop gefokus om die bestaande portefeulje te optimaliseer.

Die AlphaCode-portefeulje presteer steeds in ooreenstemming met verwagtinge.

Business Partners

Effektiewe belang **44.1%**

Profiel:

Business Partners se hoofbedryf is om kapitaal, kennis en vaardigheid in lewensvatbare klein- en mediumgrootte ondernemings (KMO's) te belê. Die maatskappy belê in KMO's deur befondsing, ondersteuning en mentorskap aan entrepreneurs te verskaf.

KORPORATIEWE INLIGTING

Ekwiteitswaardasie op 30 Junie 2022 R2 706 miljoen

Ongenoteer

Hoofuitvoerende beampte B Bierman

Remgro genomineerde direkteure
C W Ceasar, M Lubbe, N J Williams

Webwerf www.businesspartners.co.za

FINANSIËLE HOOGTEPUNTE	Jaar geëindig 31 Maart 2022 R miljoen	%
Omset	**601**	**27.6**
Bedryfswins	**352**	**156.9**
Wesensverdienste	**158**	**203.8**

VOLHOUBAARHEIDSMAATSTAWWE

KMB/Opleidingspandering R6 miljoen

Aantal werknemers 269

BBSEB-status Vlak 2

Business Partners Beperk (Business Partners)

Business Partners het 'n Maart-jaareinde en gevolglik is sy resultate vir die 12 maande tot 31 Maart 2022 geëkwiteer in Remgro se resultate vir die jaar onder oorsig. Wesensverdienste toeskryfbaar aan Remgro het R70 miljoen (2021: R23 miljoen) bedra.

Business Partners se wesensverdienste vir die 12 maande geëindig 31 Maart 2022 het R158 miljoen (2021: R52 miljoen) bedra, terwyl die wins toeskryfbaar aan aandeelhouers met 174.5%, van R94 miljoen tot R258 miljoen, toegeneem het. Die toename is hoofsaaklik te danke aan 'n verbetering in kredietrisiko's en verwagte kredietverliese, sowel as 'n toename in beleggingsinkomste en realiseringswinste.

Die omkeer in gerapporteerde kredietverliese was 'n betekenisvolle bydraer tot die buitengewone finansiële resultate. Die verbetering in kredietrisiko's en verwagte kredietverliese kan aan drie belangrike faktore toegeskryf word. Eerstens het die geduldige benadering wat gevolg is om kliënte te help om weer hul besighede op die been te bring aan laasgenoemde 'n blaaskans gegee, asook die geleentheid om hul besighede te herposisioneer. Tweedens het die tegniese bystand, mentorskap en ander ondersteuning wat gebied is, die herstelpoging van verskeie kliënte vergemaklik. En laastens het die veerkragtigheid en aanpasbaarheid van entrepreneurs te midde van uitdagende omstandighede wat hanteer moes word, verseker dat die kredietverliese wat by die aanvang van die pandemie verwag is, nie gerealiseer het nie.

'n Tweede bydraer tot die uitsonderlike finansiële vertoning was die beleggingswinste wat die afgelope jaar behaal is vergeleke met twee jaar se ondergemiddelde prestasie.

Die bestuur van die beleggingseiendomsportefeulje het aan verwagtinge voldoen met 'n sterk herstel in die plasing van huurders en inkomste-invordering.

Infrastruktuur

Bydrae tot wesensverdienste	30 Junie 2022 R miljoen	30 Junie 2021 R miljoen
CIVH	**47**	(435)
Grindrod	**263**	16
SEACOM	**37**	26
Ander	**266**	17
	613	(376)

Effektiewe belang **57.0%**

Profiel:

CIVH is aktief in die telekommunikasie- en inligtingstegnologiesektor. Die belangrikste bedryfsmaatskappye van die groep is Dark Fibre Africa Eiendoms Beperk (DFA) en Vumatel Eiendoms Beperk (Vumatel), wat optiese veselnetwerke bou en besit.

KORPORATIEWE INLIGTING

Ekwiteitswaardasie op 30 Junie 2022 R24 126 miljoen

Hoofuitvoerende beampte van CIVH R S M Ndlovu

Remgro genomineerde direkteure
C W Ceasar, P J Uys

Webwerf www.dfafrica.co.za, www.vumatel.co.za

FINANSIËLE HOOGTEPUNTE	Jaar geëindig 31 Maart 2022 R miljoen	%
Omset	**5 324**	**14.8**
Bedryfswins	**1 470**	**53.9**
Wesensverdienste	**81**	**110.2**

VOLHOUBAARHEIDSMAATSTAWWE

KMB/Opleidingspandering R26 miljoen

Aantal werknemers 1 702

BBSEB-status CIVH: Vlak 2

Community Investment Ventures Holdings Eiendoms Beperk (CIVH)

CIVH is aktief in die telekommunikasie- en inligtings-tegnologiesektor en is die houermaatskappy van 'n groep maatskappye waarvan DFA en Vumatel die grootste bedryfsfiliale is.

DFA is die voorste verskaffer wat vrye toegang tot vesel- en verbindingsinfrastruktuur in Suid-Afrika bied. Dit bou, installeer, bestuur en onderhou 'n optieseveselnetwerk wat telekommunikasieverkeer in stedelike gebiede, asook langafstandroetes, hanteer en aan klante (telekommunikasie-maatskappye en internetdiensverskaffers (IDVs)) verhuur word deur van 'n groothandelsmodel gebruik te maak wat vrye toegang bied. DFA beskik oor veselbates wat oor meer as 13 400 km strek en besit netwerke in Johannesburg, Kaapstad, Durban, Midrand, Centurion en Pretoria, sowel as in 24 kleiner stedelike gebiede, soos Oos-Londen, Polokwane, Tlokwe, Emalahleni en George, om slegs 'n paar te noem.

Vumatel is 'n veselverskaffer op die laaste-myl-vlak wat vrye toegang bied en vesel-tot-huis (FTTH)-produkte, asook dienste aan IDVs, verskaf. Vumatel installeer FTTH in woongebiede en beskik oor meer as 33 000 km se veselbates. Nadat die vesel geïnstalleer is, verhuur Vumatel sy infrastruktuur aan IDVs, wat op hul beurt breëband-kleinhandelsinternetdienste aan eindgebruikers verskaf.

CIVH het 'n Maart-jaareinde en gevolglik is sy resultate vir die 12 maande geëindig 31 Maart 2022 ingesluit by dié van Remgro vir die jaar onder oorsig. Die bydrae van CIVH se voortgesette bedrywighede tot Remgro se wesensverdienste het 'n wins van R47 miljoen getoon, vergeleke met 'n wesensverlies van

Infrastruktuur (vervolg)

CIVH (vervolg)

R435 miljoen die vorige jaar. Die 2022-finansiële jaar is gekenmerk deur groter markmededinging wat beide DFA en Vumatel betref. Dit was sigbaar in die hoër afloopkoerse en meer prysdruk as wat oorspronklik verwag is. Die groep het ook 'n mate van makro-ekonomiese druk ervaar weens hervestigings van kliënte, wanbetalings en verhoogde invorderingskoste. Hierdie makro-ekonomiese druk is verder in besigheidsforums en sekuriteitsbedrywighede ervaar waar die bou van nuwe netwerke onderneem is. By DFA het sekuriteitskoste byna drievoudig toegeneem in die 2022-finansiële jaar. Hierdie tendense word versigtig dopgehou terwyl die besigheid bedag is daarop om sy produkte voortdurend aan te pas ten einde mededingend te bly.

Die groep genereer gesonde kontantvloei uit sy bedrywighede en R2 178 miljoen is gedurende die jaar in die besigheid herinvesteer om bedrywighede uit te brei en sy netwerkvoetspoor te vergroot.

CIVH het in Julie 2021 en Augustus 2021, ingevolge 'n regte-uitgifte, aandelekapitaal ten bedrae van R3.7 miljard uitgereik. In September 2021 het die maatskappy aandele teruggekoop ten bedrae van R709 miljoen. Die inspuiting van ekwiteitskapitaal het CIVH se kapitaalstruktuur versterk en dit in staat gestel om die buigsaamheid te behou wat nodig is om toekomstige geleenthede te benut.

Vumatel het sy posisie as die FTTH-markleier in huisverbindings en aktiewe intekenaars behou, met 'n markaandeel van sowat 37% in beide kategorieë. Die besigheid gaan voort om deur sy Reach-produkaanbieding vesel suksesvol na laer lewenstandaardmeting (LSM)-gebiede te versprei. Dit sluit die voorafbetaalde "Reach"-platform in, wat alle verwagtinge oortref het. Buiten die bevordering van nuwe intekenare op die bestaande infrastruktuur, het sleutelfokusgebiede die afgelope jaar steeds die uitbreiding van sy Active Ethernet- en Gigabit Passive Optic Network (GPON)-netwerke in Ekurhuleni en Kaapstad ingesluit, asook die uitbreiding van sy vermoë in "Reach"-gebiede, soos Mitchells Plein, Vosloorus en Soweto.

Die Vumatel-groep se omset vir die tydperk het met 26% tot R2 981 miljoen toegeneem, vergeleke met R2 360 miljoen die vorige jaar, en is aangehelp deur intekenaregroei vir die jaar.

Die huidige boekwaarde van DFA se optieseveselnetwerk is meer as R9.5 miljard. Die netwerk se bedryfstyd vir die jaar onder oorsig is op 99.98% gehandhaaf en die gemiddelde tyd vir herstelwerk was minder as 2.5 uur, heelwat bo bedryfstandaarde. DFA se inkomstemodel pas goed by klante se behoeftes aan en bied buigsame betalingsopsies, met 'n mengsel van 'n voorafbetaalde bedrag en maandelikse annuïteit, of meerjarige kontrakte, meestal tot 15 jaar, op 'n annuïteitsgrondslag. Die toekomstige waarde van huidige annuïteitskontrakte (bestellings uitgesluit) bedra meer as R11.7 miljard.

Die DFA-groep se omset vir die finansiële jaar geëindig 31 Maart 2022 het marginaal op 'n jaargrondslag tot R2 485 miljoen (2021: R2 388 miljoen) toegeneem. Die annuïteitsbasis op 31 Maart 2021 was R192 miljoen per maand, terwyl die maatskappy op 31 Maart 2022 op 'n basis van R198 miljoen per maand geëindig het.

Vumatel ondersteun steeds sy onafhanklike KMB-stigting, wat ten doel het om volhoubare ekostelsels te skep in gemeenskappe waar sake gedoen word. Die doel is om 'n betekenisvolle en volhoubare bydraes in hierdie gemeenskappe te maak en sodoende bande te versterk wat die Vuma-handelsmerk ondersteun en dit van mededingers onderskei. Fokusgebiede sluit onderwys, veiligheid, omgewing en gesondheidsorg in. Die besigheid bly verbind tot die Vuma-skoleprojek, waar 550 skole reeds verbind is in gebiede waar vesel geïnstalleer word – elke skool waar Vumatel verbybeweeg, ontvang 'n gratis internetdiensaanbod van 1 Gbps.

DFA het 'n vlak 1 BBSEB-gradering die jaar behaal. Kritieke leemtes in infrastruktuurontwikkeling, bv. plattelandse skoolverbindings, bly 'n sleutelfokusgebied van KMB om die digitale kloof in gebiede met hoë armoede te oorbrug. Die positiewe impak hiervan sal wees om leerders toegang tot e-onderrig te gee, en uiteindelik om werkskepping en toegang tot die ekonomie te bevorder.

Effektiewe belang **25.9%**

Profiel:

Grindrod is 'n geïntegreerde verskaffer van vraglogistiek en vervoer van vrag per pad, spoor en lug, met verskaffing van geïntegreerde logistieke en gespesialiseerde dienste tydens die vervoer, met behulp van gespesialiseerde bates en infrastruktuur, insluitend voertuie, lokomotiewe, hawens, terminale, pakhuise en depots.

KORPORATIEWE INLIGTING

Markkapitalisasie op 30 Junie 2022 R6 022 miljoen

Genoteer op die JSE Beperk

Hoofuitvoerende beampte A G Waller

Remgro genomineerde direkteure
P J Uys, W O van Wyk (alternatief)

Webwerf www.grindrod.co.za

FINANSIËLE HOOGTEPUNTE	Jaar geëindig 31 Desember 2021 R miljoen	%
Omset	**3 905**	**4.1**
Bedryfswins	**574**	**397.4**
Wesensverdienste	**618**	**467.9**

VOLHOUBAARHEIDSMAATSTAWWE

KMB/Opleidingspandering R18 miljoen

Aantal werknemers 3 916

BBSEB-status Vlak 2

Omgewingsaspek
Vlak 1-, 2- en 3-uitlatings van 127 737 ton CO_2e

Grindrod Beperk (Grindrod)

Grindrod het 'n Desember-jaareinde en gevolglik is sy resultate vir die 12 maande tot 30 Junie 2022 ingesluit by dié van Remgro vir die jaar onder oorsig. Die maatskappy se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het 'n wins van R263 miljoen (2021: R16 miljoen) behels.

Grindrod het goeie verdienstegroei in sy kernbesighede vir die ses maande geëindig 30 Junie 2022 getoon, ondersteun deur stewige kommoditeitspryse in die mineralesektor.

Grindrod Bank het goed presteer danksy gunstige netto rentekoersmarges, en verdienste, ondersteun deur die hoër rentekoersomgewing, het met 63% gegroei vergeleke met die vorige periode. Die verkoop van Grindrod Bank aan African Bank vir R1.5 miljard is deur Grindrod-aandeelhouers goedgekeur, onderhewig aan die gebruiklike regulerende goedkeurings.

Die hawe- en terminusbedrywighede het verdienstegroei van 164% teenoor die vorige ses maande geëindig 30 Junie 2021 getoon, danksy 'n toename in volumes wat hanteer is.

Grindrod se kusskeepvaart- en behoueringsdepotbesigheid het in 'n uitdagende bedryfsomgewing goed gevaar, met verdienstegroei van 88%.

Vroeg in April 2022 is die brandstofvervoervloot in Botswana verkoop, waardeur Grindrod se uittrede uit die padvervoer-besighede vir brandstof en motors voltooi is.

Infrastruktuur (vervolg)

Effektiewe belang **30.0%**

Profiel:

SEACOM se erfenis spruit uit die skep van verbindings in Afrika. SEACOM was instrumenteel om as telekommunikasieverskaffer die eerste onafhanklike veselverbindings op die vasteland moontlik te maak en sodoende Afrika aan die digitale wêreld bloot te stel. Met 'n toekoms-oriëntasie en volgehoue beleggings in digitale platforms, stelsels en mense het die maatskappy hom as 'n saamgevoegde telekommunikasieverskaffer gevestig wat voortgaan om die groothandels- en ondernemersmark in Suider- en Oos-Afrika te bedien deur die verskaffing van hoëkapasiteit plaaslike en internasionale optieseveselverbindings, asook internet- en wolkdienste.

KORPORATIEWE INLIGTING

Ekwiteitswaardasie op 30 Junie 2022 R2 586 miljoen

Ongenoteer

Hoofuitvoerende beampte O Fortuin

Remgro genomineerde direkteure
H J Carse, P J Uys

Webwerf www.seacom.com

FINANSIËLE HOOGTEPUNTE

SEACOM is 'n privaat maatskappy en sy finansiële inligting word nie in detail geopenbaar nie as gevolg van beperkinge op openbaarmaking soos onderling tussen aandeelhouers ooreengekom.

VOLHOUBAARHEIDSMAATSTAWWE

KMB/Opleidingspandering $0.4 miljoen

Aantal werknemers 303

SEACOM Capital Beperk (SEACOM)

Remgro het 'n effektiewe belang van 30% in SEACOM, 'n saamgevoegde telekommunikasieverskaffer wat optiese veselverbindings bedryf en bemark en ook internet-, stem-, wolk- en sekuriteitsoplossings aan die groothandels- en ondernemersmark in Suider- en Oos-Afrika bied.

SEACOM het 'n Desember-jaareinde en dus is sy resultate vir die 12 maande tot 30 Junie 2022 by dié van Remgro gevoeg vir die jaar onder oorsig. SEACOM se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het 'n wins van R37 miljoen (2021: R26 miljoen) bedra. Die toename in winsgewendheid gedurende dié tydperk is toe te skryf aan 'n aantal eenmalige uitgawes die vorige jaar.

Die besigheid het in die stygende vraag van die ondernemersektor na verbindings en wolkdienste voorsien soos maatskappye uit die Covid-19-pandemie beweeg het, asook in die voortgesette groei in die groothandelsektor namate Afrika se digitale infrastruktuur volwassenheid bereik.

SEACOM se vermoë om by die snel ontwikkelende datamark aan te pas, en te belê in sy ondersese en landnetwerk asook wolkinfrastruktuur, stel die maatskappy in staat om op die toenemende vraag na vinniger en meer betroubare datadienste te reageer, wat kritiek is om sy mededingende posisie te behou. Enkele hoogtepunte in dié verband sluit die verkryging van 'n metro-veselbesigheid in Kenia in die tweede helfte van 2021 in, asook infrastruktuurbates in Uganda in die eerste kwartaal van 2022.

SEACOM gaan voort om in groei-inisiatiewe te belê, soos die verkryging van EOH se netwerk-oplossingsbesigheid asook die organiese, strategiese verbeterings aan sy netwerk, soos die onlangse verkryging van kapasiteit op Google se Equiano-kabel, wat later in 2022 gereed sal wees.

Seacom is 'n gereelde betaler van dividende as gevolg van sy kontantwinste.

Ander infrastruktuurbeleggings

Effektiewe belang **79.7%**

Energy Exchange of Southern Africa

Profiel:

Energy Exchange of Southern Africa fasiliteer die oordrag van energie tussen diegene wat dit produseer en dié wat dit verbruik.

Webwerf www.energyexchangesa.com

Nywerheid

Bydrae tot wesensverdienste	30 Junie 2022 R miljoen	30 Junie 2021 R miljoen
Air Products	**422**	322
TotalEnergies	**1 076**	366
Wispeco	**281**	264
PGSI	**21**	62
	1 800	1 014

AIR PRODUCTS

Effektiewe belang **50.0%**

Profiel:

Air Products produseer suurstof, stikstof, argon, waterstof en koolstofdioksied vir verkoop in gasvorm deur middel van pyplyne ingevolge langtermynkontrakte aan groot industriële gebruikers. Air Products versprei ook industriële gasse, saam met die toepaslike toerusting, aan die handelsmark. Die ander 50% van die gewone aandele word deur Air Products and Chemicals Incorporated, 'n VSA-maatskappy, gehou.

KORPORATIEWE INLIGTING

Ekwiteitswaardasie op 30 Junie 2022 R9 380 miljoen

Ongenoteer

Hoofuitvoerende beampte R Richardson

Remgro genomineerde direkteure
H J Carse, N J Williams

Webwerf www.airproductsafrica.co.za

FINANSIËLE HOOGTEPUNTE	Jaar geëindig 30 September 2021 R miljoen	%
Omset	**3 695**	**17.8**
Bedryfswins	**1 075**	**21.3**
Wesensverdienste	**765**	**20.7**

VOLHOUBAARHEIDSMAATSTAWWE

KMB/Opleidingspandering R9.9 miljoen

Aantal werknemers 685

BBSEB-status Vlak 4

Air Products South Africa Eiendoms Beperk (Air Products)

Air Products het 'n September-jaareinde, maar sy resultate vir die 12 maande geëindig 31 Maart 2022 is ingesluit by dié van Remgro vir die jaar onder oorsig. Air Products se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het met 31.1% tot R422 miljoen (2021: R322 miljoen) toegeneem.

Air Products se omset vir die 12 maande geëindig 31 Maart 2022 het met 23.8% tot R3 990 miljoen (2021: R3 222 miljoen) toegeneem, terwyl die maatskappy se bedryfswins vir dieselfde periode met 32.0% tot R1 185 miljoen (2021: R898 miljoen) toegeneem het.

Air Products is die grootste vervaardiger van nywerheidsgasse in Suider-Afrika en voer ook 'n verskeidenheid spesialiteitsgasse in wat aan 'n wye reeks nywerhede, waaronder staal, chemikalieë, olie-raffinering, hulpbronminerale, glas, pulp en papier, voedselverpakking, asook algemene vervaardiging en sweiswerke, versprei word.

Handelsomstandighede het in die jaar onder oorsig aansienlik verbeter namate die impak van Covid-19-verwante besigheidsluitings verminder het. Die vraag na die meeste van Air Products se gasse het tot voor-Covid-19-vlakke herstel. Stygende brandstof- en elektrisiteitspryse bied groot uitdagings om koste in bedwang te hou.

Nywerheid (vervolg)

Effektiewe belang **24.9%**

Profiel:

Filiaal van TotalEnergies SE (Frankryk). TotalEnergies se besigheid behels die raffinering en bemarking van petroleum en petroleumprodukte in Suid-Afrika, asook die verspreiding daarvan aan buurlande. Die maatskappy het 'n ekwiteitsbelang van 36.36% in National Petroleum Refiners of South Africa Eiendoms Beperk (Natref).

KORPORATIEWE INLIGTING

Ekwiteitswaardasie op 30 Junie 2022 R13 150 miljoen

Ongenoteer

Hoofuitvoerende beampte M Kane-Garcia

Remgro genomineerde direkteure
M Morobe, N J Williams

Webwerf www.totalenergies.co.za

FINANSIËLE HOOGTEPUNTE	Jaar geëindig 31 Desember 2021 R miljoen	%
Omset	**72 166**	**33.6**
Bedryfswins	**3 134**	**708.5**
Wesensverdienste	**2 283**	**744.9**

VOLHOUBAARHEIDSMAATSTAWWE

KMB/Opleidingspandering R48 miljoen

Aantal werknemers 706

BBSEB-status Vlak 1

Omgewingsaspek
Vlak 1-uitlatings van 603 ton CO_2e

TotalEnergies Marketing South Africa Eiendoms Beperk (TotalEnergies)

TotalEnergies het 'n Desember-jaareinde en sy resultate vir die 12 maande tot 30 Junie 2022 is ingesluit by dié van Remgro vir die jaar onder oorsig. TotalEnergies se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het 'n wins van R1 076 miljoen (2021: R366 miljoen) bedra.

Die resultate is positief beïnvloed deur gunstige voorraadwaardasies van R3 581 miljoen (2021: R1 039 miljoen), hoofsaaklik vanweë Rusland se inval in Oekraïne wat daartoe gelei het dat die internasionale olieprys van $73.0 per vat op 30 Junie 2021 tot $122.71 per vat op 30 Junie 2022 toegeneem het.

TotalEnergies se omset vir die 12 maande geëindig 30 Junie 2022 het met 43% tot R87 383 miljoen (2021: R61 280 miljoen) toegeneem, hoofsaaklik die gevolg van toenames in pryse en verkoopsvolumes.

Die maatskappy het voortgegaan met sy beleggings in gesondheid, veiligheid en die omgewing word nie gebruik om aan toenemende streng wetlike en ontwikkelende maatskappyvereistes te voldoen. Die sleutelfokusgebiede is omgewingsnakoming, asook gesondheids- en veiligheidsnakoming deur personeel, vervoerders en konstruksiekontrakteurs.

Natref se resultate het in die tydperk onder oorsig verbeter danksy gunstige raffineringsmarges vanweë die styging in ru-oliepryse en vraagdruk op geraffineerde produkte.

WISPECO Aluminium

Effektiewe belang 100%

Profiel:

Wispeco se hoofbesigheid is die vervaardiging en verspreiding van uitgeperste aluminiumprofiele vir gebruik in die bou-, ingenieurs en duursame goederesektor.

KORPORATIEWE INLIGTING

Ekwiteitswaardasie op 30 Junie 2022 R1 402 miljoen

Ongenoteer

Hoofuitvoerende beampte H Rolfes

Remgro genomineerde direkteure
N R Boonzaier, S J de Villiers

Webwerf www.wispeco.co.za

FINANSIËLE HOOGTEPUNTE	Jaar geëindig 30 Junie 2022 R miljoen	%
Omset	3 598	23.0
Bedryfswins	408	1.2
Wesensverdienste	281	6.4

VOLHOUBAARHEIDSMAATSTAWWE

KMB/Opleidingspandering R11.4 miljoen

Aantal werknemers 1 320

BBSEB-status Vlak 4

Omgewingsaspek
Vlak 1- en 2-uitlatings van 41 802 ton CO_2e

Wispeco Holdings Eiendoms Beperk (Wispeco)

Wispeco se omset vir die jaar geëindig 30 Junie 2022 het met 23% tot R3 598 miljoen (2021: R2 925 miljoen) toegeneem. Die toename was grootliks die gevolg van hoër verkooppryse wat opwaarts gedryf is deur die sterk kommoditeitsiklus wat die grootste gedeelte van die jaar ervaar is. Die verkooppryse van aluminium-uitpersprodukte is aangepas in ooreenstemming met hierdie bewegings, hoewel dit meesal eers 'n paar weke later was, wat veroorsaak het dat die gemiddelde bruto marge laer as die vorige jaar was. Die uitvoer van brass sproeierrame het belowende winste gelewer danksy beter marges, wat die gevolg was van 'n swakker wisselkoers, sowel as hoër uitvoervolumes. Wesensverdienste vir die jaar geëindig 30 Junie 2022 het met 6.4% tot R281 miljoen (2021: R264 miljoen) verbeter.

Wispeco installeer sy tweede vertikale poeierverfaanleg met die doel om die bottelnekprobleme wat in die plaaslike mark met die verskaffing van geverfde uitpersprodukte ervaar word, op te los. Verdere investering in brassgiet- en masjineringsvermoë gaan voort, met die oog daarop om in die groeiende uitvoervraag na vormgietprodukte te voorsien.

Die maatskappy se reeks Crealco-argitektoniese produkte bly steeds die aanvaarde norm vir gehalte en betroubaarheid en het die naam dat dit die voorkeurkeuse in die boubedryf is. Die reeks is wyd beskikbaar en word ondersteun deur 'n netwerk van eie en onafhanklike verspreiders regoor Suider-Afrika. Toevoegings tot Wispeco se verspreidingsnetwerk is 'n deurlopende inisiatief en 'n nuwe tak is onlangs in Johannesburg-suid geopen, met nog een wat binnekort in Thohoyandou volg.

Die nuwe Starlite Mobi-toepassing vir handslimtoestelle het 'n oorweldigende reaksie by Suid-Afrikaanse aluminium-vervaardigers gehad. Die toepassing help die vervaardigers van aluminiumvensters en -deure om mates op persele te neem, ontwerp standaarde na te kom en vinnige beramingsinligting te bekom vanaf die handtoestel.

Na 'n verlengde verposing gedurende die Covid-19-pandemie is Wispeco se eksterne gefokusde opleidingsinisiatiewe vir gestremde en voorheen benadeelde jongmense, met die oog op indiensneming in die aluminiumbedryf, weer op koers. Interne opleidingsprogramme is gemik op produktiwiteitsverbetering en die ontwikkeling van vaardighede om toekomstige groei te ondersteun.

Ander nywerheidsbeleggings

PGSI
PGSI Limited

Effektiewe belang 37.7%

PGSI Beperk (PGSI)

Profiel:

PGSI het 'n belang van 80% in PG Group Holdings. Die PG-groep is Suid-Afrika se bedryfsleier op die gebied van geïntegreerde plaatglas vir die vervaardiging, verspreiding en installering van hoëgehalte motor- en bouglasprodukte.

Webwerf www.pggroup.co.za

Gediversifiseerde beleggingsvoertuie

Bydrae tot wesensverdienste	30 Junie 2022 R miljoen	30 Junie 2021 R miljoen
KTH	**80**	(182)
Ander	**15**	(78)
	95	(260)



kth
KAGISO TISO HOLDINGS

Effektiewe belang **43.5%**

Profiel:

KTH is 'n gevestigde swart ekonomies beheerde maatskappy, met 'n fokus op beleggingsbankdienste, media- en strategiese beleggings. KTH se hoofbeleggings sluit Kagiso Media Beperk, Momentum Metropolitan Holdings Beperk en Servest Group Eiendoms Beperk in.

KORPORATIEWE INLIGTING

Ekwiteitswaardasie op 30 Junie 2022 R4 927 miljoen

Ongenoteer

Hoofuitvoerende beampte P J Makosholo

Remgro genomineerde direkteure
S Crouse, P J Uys

Webwerf www.kagiso.com

FINANSIËLE HOOGTEPUNTE	Jaar geëindig 30 Junie 2022 R miljoen	%
Omset	**1 609**	**22.7**
Bedryfswins	**168**	**170.6**
Wesensverdienste	**183**	**143.5**

VOLHOUBAARHEIDSMAATSTAWWE

KMB/Opleidingspandering R17.8 miljoen

Aantal werknemers 1 436

Kagiso Tiso Holdings Eiendoms Beperk (KTH)

KTH is 'n toonaangewende beleggingsmaatskappy in swart besit, met 'n sterk en gediversifiseerde bateportefeulje wat bestaan uit 'n mengsel van genoteerde en private beleggings in die media-, finansiële dienste-, nywerheid-, dienste- en gesondheidsorgsektor.

KTH se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het R80 miljoen (2021: 'n verlies van R182 miljoen) bedra. Die toename is grootliks te danke aan die herstel van Kagiso Media se bedryfsbesighede van die impak van Covid-19 op verdienste, asook 'n verbetering in die resultate van geassosieerdes, in besonder Momentum Metropolitan, wat sterk groei en 'n mindere impak van Covid-19 op verdienste ervaar het. Daarby was ekwitering, vanweë die herklassifisering, ingevolge *IFRS 5*, van die belegging in Aurora Wind Power Eiendoms Beperk terug na 'n belegging in 'n geassosieerde, ingehaal omdat die verkoop nie deur die reguleerders goedgekeur is nie. Dit is teengewerk deur 'n negatiewe billike waarde-aanpassing op die voorkeuraandele in Momentum Metropolitan weens die afname in die aandeelprys gedurende die finansiële jaar.

Netto finansieringskoste vir die tydperk het R106 miljoen (2021: R102 miljoen) bedra.

KTH se toeskryfbare verdienste vir die jaar het 'n wins van R47 miljoen (2021: 'n verlies van R426 miljoen) bedra danksy die volgende:

- Beter inkomstevertoning deur die groep vergeleke met die vorige jaar, aangehelp deur Kagiso Media-bedryfsbesighede wat herstel van Covid-19 getoon het, met omset 23% hoër, en Lupo Bakery Eiendoms Beperk, wat omsetgroei van 18% behaal het.
- Die groep se gedeelte van geëkwiteerde beleggings het tot R240 miljoen (2021: 'n verlies van R111 miljoen) toegeneem as gevolg van beter resultate van geassosieerdes, in die besonder Momentum Metropolitan, asook die herstel van Kagiso Media se radio-geassosieerdes.
- Beduidende waardedalings is by Servest erken vanweë 'n afname in die waardasie as gevolg van veranderinge wat gemaak is ten opsigte van die portuurgroep en 'n toename in die WACC, gedryf deur 'n toename in die risikovryekoers.
- Die negatiewe billike waarde-aanpassing op beleggings hou verband met die voorkeuraandele in Momentum Metropolitan, waarvan die prys afgeneem het.

In November 2021 het KTH sy meerderheidsbelang in Kagiso Asset Management verkoop. Op 30 Junie 2021 is hierdie belegging geklassifiseer as nie-bedryfsbates gehou vir verkoop en beëindigde bedrywighede.

Op 30 Junie 2021 is die belegging in Aurora geklassifiseer as nie-bedryfsbates gehou vir verkoop en beëindigde bedrywighede. In Desember 2021 kon regulerende goedkeuring nie verkry word nie en kon die transaksie dus nie afgehandel word nie. Die belegging is as 'n geassosieerde herklassifiseer.

Op 30 Junie 2022 is die beleggings in Imvelo Concession Company Eiendoms Beperk en Actom Investment Holdings Eiendoms Beperk as nie-bedryfsbates gehou vir verkoop en beëindigde bedrywighede geklassifiseer.

Ander gediversifiseerde beleggingsvoertuie

PRESCIENT

Effektiewe belang 45.0%

Prescient China Equity Fund (Prescient)

Profiel:

Prescient, wat 'n sistematiese, kwantitatiewe benadering volg om langtermynkapitaalgroei na te streef, belê in genoteerde aandele in die Chinese mark en gebruik die Shanghai Shenzhen CSI 300 indeks as maatstaf.

Webwerf www.prescient.co.za

MILESTONE CAPITAL 麦顿投资

Effektiewe belang 28.1%

Milestone Capital III

Profiel:

Milestone Capital III, gesetel in Hongkong, is 'n privaatekwiteitsbeleggingsfirma, met China as fokus.

Webwerf www.mcmchina.com

---

invenfin

Effektiewe belang 100%

Invenfin Eiendoms Beperk (Invenfin)

Profiel:

Invenfin fokus op kleiner vroeëfase-beleggings.

Webwerf www.invenfin.com

PEMBANI • REMGRO
INFRASTRUCTURE FUND

Effektiewe belang 16.2%

Pembani Remgro Infrastruktuurfonds (PRIF)

Profiel:

PRIF is 'n fonds wat fokus op privaatsektor belegging in infrastruktuur oor die Afrika kontinent.

Webwerf www.pembani-remgro.com

ASIA PARTNERS

Effektiewe belang 6.5%

Asia Partners I LP (Asia Partners)

Profiel:

Asia Partners maak private ekwiteits- en ekwiteitsverwante beleggings in tegnologie, of tegnologie-bemagtigde maatskappye in die Suidoos-Asiëstreek.

Webwerf www.asiapartners.com

Media

Bydrae tot wesensverdienste	30 Junie 2022 R miljoen	30 Junie 2021 R miljoen
eMedia Investments	**145**	43
Ander	**33**	10
	178	53



Effektiewe belang **32.3%**

Profiel:

eMedia Investments beskik oor 'n reeks mediabelange waarvan e.tv die beduidendste is. eMedia Investments is die enigste onafhanklike gratis televisie-uitsaaier in Suid-Afrika.

KORPORATIEWE INLIGTING

Ekwiteitswaardasie op 30 Junie 2022 R2 284 miljoen

Ongenoteer

Hoofuitvoerende beampte M K I Sherrif

Remgro genomineerde direkteure
H J Carse, N J Williams

Webwerf www.etv.co.za

FINANSIËLE HOOGTEPUNTE	Jaar geëindig 31 Maart 2022 R miljoen	%
Omset	**3 191**	**31.4**
Bedryfswins	**571**	**169.3**
Wesensverdienste	**451**	**241.7**

VOLHOUBAARHEIDSMAATSTAWWE

KMB/Opleidingspandering R69 miljoen

Aantal werknemers 961

BBSEB-status Vlak 2

Omgewingsaspek
Vlak 1- en 2-uitlatings van 7 087 ton CO_2e

eMedia Investments Eiendoms Beperk (eMedia Investments)

Remgro het 'n effektiewe belang van 32.3% in eMedia Investments, wat oor 'n reeks mediabelange beskik, waaronder Suid-Afrika se enigste private gratis televisiekanale (e.tv, eMovies, eMovies Extra, eExtra, eToonz en eReality), eNews Channel Africa (eNCA), die gratis satellietplatform Openview, Gauteng-gebaseerde radiostasie, Yfm, en verskeie ander ateljeefasiliteite en produksiebesighede.

eMedia Investments het 'n Maart-jaareinde en gevolglik is sy resultate vir die jaar tot 31 Maart 2022 by dié van Remgro ingesluit vir die jaar onder oorsig. eMedia Investments se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het R145 miljoen (2021: R43 miljoen) bedra.

eMedia Investments se aandeel van die televisiegehoor het tot 34.1% (Maart 2021: 29.6%) gegroei, terwyl sy aandeel in die spits-tydgleuf van 20.3% tot 23.4% toegeneem het. Verdere navorsing van die groep se markaandeel het 'n toename in beide die spits- en nie-spits-tydgleuf getoon. Die markaandeel was 31.8% en 34.1% onderskeidelik, wat die groep, sover dit televisiegehoor betref, die grootste uitsaaier in beide kategorieë in Suid-Afrika maak. Dit is moontlik gemaak deur die goeie vertoning van al die kanaal se daaglikse programme, waaronder Imbewu, Scandal, House of Zwide en Durban General, sowel as die loodsing van The Black Door. E.tv mag wel geraak word deur die analoog-afskakeling wat die land in die gesig staar, maar die groep het vertroue dat die gehooraandeel versigtig bestuur sal word. Sy posisie het 'n verdere hupstoot gekry deurdat e.tv met 'n aansoek in die konstitusionele teen die minister van kommunikasie effektief daarin geslaag het om die afskakelingsdatum tot na 30 Junie 2022 te verleng. eMedia erken die noodsaaklikheid om van die analoogspektrum te migreer en sal nou met die minister saamwerk om dit op 'n verantwoordelike en rasionele wyse te doen, wat nie miljoene huishoudings toegang tot televisie sal ontsê nie, en wat e.tv se markaandeel in die voorsienbare toekoms sal verseker.

Daar was ook 'n verbetering in die gradering van die ander ses kanale. eExtra, eMovies Extra en eReality tel onder die top 15 satellietkanale wat in Suid-Afrika beskikbaar is. Die kanale was bedreig weens die feit dat MultiChoice nie die kontrak hernu het om vier van die vermaaklikheidskanale (eExtra, eMovies, eMovies Extra en eToonz) op sekere MultiChoice-pakkette in te sluit nie. Die saak is by die Mededingingskommissie aanhangig gemaak, wat teen tussentydse verligting deur die groep versoek beslis het. Die saak is op appèl geneem en die hof het die beslissing met koste beveel omgekeer en MultiChoice beveel om die kanale vir 'n beperkte tyd van ses maande weer in te stel in afwagting van 'n verdere ondersoek deur die kommissie.

Die Openview-platform het die aantal geaktiveerde ontvangstoestelle tot 2 774 454 op 31 Maart 2022 (31 Maart 2021: 2 361 443) verhoog, met nagenoeg 1 200 toestelle wat per dag geaktiveer word. In Mei 2022 is 60 000 eenhede geaktiveer en in totaal word nagenoeg drie miljoen huishoudings nou bereik. Advertensie-inkomste op die platform het van R270 miljoen in 2021 tot R468 miljoen in 2022 toegeneem.

eNCA bly steeds die mees gekykte 24 uur-nuuskanaal in die land ondanks die feit dat dit net op die premie-aanbod pakkette beskikbaar is, terwyl mededingers deel van alle DStv-pakkette is. Gedurende die pandemie het eNCA sy advertensie-inkomsteteikens bereik terwyl koste in bedwang gehou is. Die groep het 'n verdere eksklusiewe vyfjaarooreenkoms met MultiChoice aangegaan vir die beeldsending van eNCA.

In Augustus 2021 het eMedia 'n OTT (over-the-top)-diens, eVOD geloods, wat goed deur sy teikenmark ontvang is. Die aantal geregistreerde kykers sover is bemoedigend, met daaglikse kyktyd wat 1 500 000 minute oorskry. Die eOriginals-aanbod op eVOD lok die meeste kykers, wat die groep optimisties maak om 'n bykomende R100 miljoen in oorspronklike plaaslike inhoud te belê.

'n Nuwe "slim"-ontvangstoestel, met ingeboude Wi-Fi, sal in die 2023-finansiële jaar geloods word, wat die groep in staat sal stel om innoverend met advertensie-inkomste te wees. Die groep gaan ook met die konstruksie van 'n super-moderne VFX-studio in Hyde Park begin om premium-plaaslike inhoud te vervaardig wat met internasionale vervaardigers kan meeding. Die groep is ook van voorneme om die betaaltelevisiemark te betree.



Portefeuljebeleggings

Bydrae tot wesensverdienste	30 Junie 2022 R miljoen	30 Junie 2021 R miljoen
FirstRand	**389**	191
Ander portefeuljebeleggings	**55**	56
	444	247



FirstRand

Effektiewe belang **2.5%**

FirstRand Beperk (FirstRand)

Profiel:

FirstRand, deur sy portefeulje van geïntegreerde finansiëledienstebesighede, waaronder FNB, RMB, Wesbank, DirectAxis, Aldermore, MotoNovo, Ashburton Investments, en Motovantage, bedryf sake in Suid-Afrika, sekere markte in die sub-Saharastreek in Afrika, die Verenigde Koninkryk en Indië.

Webwerf www.firstrand.co.za

Discovery

Effektiewe belang **7.7%**

Discovery Beperk (Discovery)

Profiel:

Discovery is 'n globale, geïntegreerde finansiëledienste-organisasie wie se pioniersversekeringsmodel van gedeelde waarde regoor sy besighede gebruik word om die kerndoelwit te bereik, naamlik om mense gesonder te laat leef en hulle lewens te verbeter en te beskerm.

Sy produkreeks strek van gesondheidsversekering, administrasie en bestuurde sorg van mediese skemas tot lewensversekering, korttermyn persoonlike en kommersiële versekering, langtermyn-besparings en -beleggings, bankdienste en gedragsveranderingsprogramme.

Webwerf www.discovery.co.za

momentum METROPOLITAN

Effektiewe belang **8.6%**

Momentum Metropolitan Holdings Beperk (Momentum Metropolitan)

Profiel:

Momentum Metropolitan is een van Suid-Afrika se grootste gediversifiseerde finansiëledienste-maatskappye, met noterings op die JSE, A2X-finansiële markte en Namibië-effektebeurs. Die besigheid gaan oor beskerming (lewens en nie-lewens), beleggings en langtermyn-besparings en sake word deur die Momentum-, Metropolitan-, Guardrisk- en Eris Properties-handelsmerke bedryf.

Webwerf www.momentummetropolitan.co.za

Ander portefeuljebeleggings

BAT A BETTER TOMORROW

Effektiewe belang **0.1%**

British American Tobacco plc

Profiel:

'n Vooraanstaande multi-kategorie verbruikersgoederebesigheid, wat ten doel het om 'n beter toekoms te bou en die gesondheidsimpak van die besigheid te verminder deur die aanbod van 'n groter keuse van genotvolle, minder riskante, produkte vir verbruikers.

Webwerf www.bat.com

Maatskaplike impakbeleggings

Bydrae tot wesensverdienste	30 Junie 2022 R miljoen	30 Junie 2021 R miljoen
Maatskaplike impakbeleggings	**(20)**	(66)

Effektiewe belang **50.0%**

The Blue Bulls Company Eiendoms Beperk (Blue Bulls)

Profiel:

Blue Bulls bestuur die Blue Bulls professionele rugby-unie, Loftus Versfeld en sekere amateur- en bestuursaksies en bedrywighede van die Blue Bulls rugby-unie.

Webwerf www.bullsrugby.co.za

Effektiewe belang **100%**

Stellenbosch Academy of Sport Eiendoms Beperk

Profiel:

Stellenbosch Academy of Sport verskaf aan plaaslike en internasionale sportspanne en atlete afrigting en 'n voorbereidingsomgewing van wêreldgehalte.

Webwerf www.sastraining.co.za

Effektiewe belang **100%**

Stellenbosch Football Club Eiendoms Beperk

Profiel:

Die Stellenbosch Football Club neem aan die Suid-Afrikaanse Premiersokkerliga deel. Die belegging in die klub bevorder Remgro en die Stellenbosch Academy of Sport se plaaslike gemeenskapsbetrokkenheid.

Webwerf www.stellenboschfc.com

Tesourie- en bestuursdienste

Bydrae tot wesensverdienste	**30 Junie 2022 R miljoen**	30 Junie 2021 R miljoen
Sentrale tesourie		
– Finansieringsinkomste	**224**	212
– Finansieringskoste	**(627)**	(861)
Netto korporatiewe koste	**(252)**	(249)
	(655)	(898)

Remgro Finansieringskorporasie Eiendoms Beperk
Remgro Healthcare Holdings Eiendoms Beperk
Remgro International Limited – Jersey
Remgro Bestuursdienste Beperk
V&R Management Services AG – Switserland

Profiel:

Verantwoordelik vir Remgro se sentrale tesouriefunksie, sowel as bestuurs- en ondersteuningsdienste.

Ongenoteerde maatskappye

Finansieringsinkomste het R224 miljoen (2021: R212 miljoen) bedra. Die toename was grootliks te danke aan 'n verhoging in die Suid-Afrikaanse repokoers. Finansieringskoste is laer op R627 miljoen (2021: R861 miljoen) vanweë die aflossing van die omruilbare skuldbriewe in kontant op 22 Maart 2021. Ander netto korporatiewe koste het R252 miljoen (2021: R249 miljoen) bedra.